


# jaar voortreflike diens

Die vennote Angela Michaelides en Renate Vermaas staan reeds vir twintig jaar in diens van die gemeenskap.

Na twintig jaar is hulle passie vir hul pasiënte steeds sigbaar. Dit is nie net sigbaar in gesprekke nie, maar ook in die feit dat hulle baie terugploeg in die gehoorsentrum. Hulle maak seker dat hulle gereeld hul toerusting opgradeer. "Dit is die enigste manier om te verseker dat ons betroubare toetsresultate verkry", sê Angela. "Mens kan slegs 'n suksesvolle gehoorapparaat passing kry deur te begin met betroubare toetsresultate", voeg Renate by.

Hulle glo ook om op hoogte te bly van die nuutste navorsing en produkte. Alhoewel dit beteken dat hulle soms vir 'n paar dae nie by die sentrum is nie, glo hulle dat hul pasiënte verstaan dat almal by hierdie nuwe kennis baat vind.

**Foto:** Angela en Renate word bygestaan deur Poppie van Rensburg en Michelle Jacobs. Albei dames is reeds 'n geruime tyd werksaam by die gehoorsentrum en het ook reeds verskeie kursusse bygewoon om die pasiënte te kan bystaan. "Hulle is ons regterhande en hulle gewig in goud werd", sê Angela.

## HOE LYK DIE PAD VORENTOE?

Na twintig jaar gaan mens nie op jou louere rus nie. Die vennote staan sterk agter hulle onderneming om:

- Steeds hul beste diens aan elke persoon te lewer
- Steeds 'n verskeidenheid van handelsname en produkte te bied
- Steeds by te bly met kennis en toerusting
- Steeds aan u die geleentheid te bied om gehoorapparate GRATIS te beproef
- Steeds te strewe om 'n verskil te maak in mense se lewe









# celebrating 20 years

1992 - 2012

## 'n geskenk van gehoor

'n Reuse doelwit wat hierdie jaar bereik is, was om te kon teruggee aan die gemeenskap. Deur die samewerking van die Klerksdorp Rotariërs kon ons heelwat mense wat dit andersins nie kon bekostig nie, voorsien van gehoorapparate. Dankie Rotariërs, dankie aan elkeen wat 'n gehoorapparaat geskenk het vir die projek. Voorwaar " ***'n geskenk van gehoor!!*** " Ons gaan voort hiermee. As u dus weet van gehoorapparate wat nie gebruik word nie, bring dit vir ons en gee aan iemand die vreugde om weer te hoor.



ons seniorburgers sê

## dankie

### ELANDSHAVEN RETIREMENT VILLAGE

To Renate and Angela,
On behalf of management and the residents of Elandshaven Retirement Village, we would like to wish you a very happy 20th birthday. We would also like to take this opportunity to thank Angela for all her time and effort, helping our residents with their queries, hearing aids and any other problems that they might encounter. May the years ahead be truly blessed.

### OLEANDER PARK

Van harte geluk met julle 20ste verjaarsdag en baie dankie dat julle ons gehoorgestremde inwoners se lewensstandaarde so verander het. Renate en Angela, julle opwagting by Oleander Park is elke keer soos musiek in hulle ore. Julle lewer puik diens en ons beveel julle met groot vrymoedigheid aan.

### FLAMWOOD FRAIL CARE

Hartlike gelukwense met jul 20ste verjaardag. Baie dankie dat ons altyd op jul kan staatmaak vir advies en hulp
Van al die personeel en pasiënte van Flamwood Verswaktesorg Kliniek, Flamwood Landgoed.

### PANORAMAPARK AFTREEDORP

Hiermee ons hartlike gelukwense aan Michaelides en Vermaas met jul 20ste verjaarsdag
Baie baie dankie aan Renate en Angela vir al jul harde werk en ondersteuning aan ons inwoners van Panoramapark Aftreedorp.
Ons wens julle toe n geseënde toekoms en mag jul voortgaan om sulke goeie diens te lewer.

***Inwoners en Personeel***
***Panoramapark Aftreedorp***

### KLERKSDORP TEHUIS VIR BEJAARDES

Die bestuur en inwoners van Die Klerksdorp Tehuis vir Bejaardes wens Michaelides en Vermaas hartlik geluk met hul 20ste bestaansjaar. Baie dankie vir die waardevolle diens wat u aan ons bejaardes en die gemeenskap oor die jare gelewer het.
Ons wens u voorspoed en sterkte toe vir die jare wat voorlê.




# celebrating 20 years

1992 - 2012






Orkney Refrigeration Services®

- Tel: 018 473 3005
- Cell: 082 776 3613 - Cell: 082 777 8678

"Quality Service for Quality Clients"



HAPPY 20TH BIRTHDAY!

Michaelides & Vermaas

Sending business greetings for happiness, prosperity and success.

Congratulations

*Michaelides & Vermaas*

on the success of your business for the past 20 years. May your journey continue to grow in leaps and bounds!

LOADS OF PAINT

79 Buffeldoorn Ave. Flamwood

Tel: 018 468 8662

## het jy Gehoor

### Gehoorapparate stimuleer jou brein

Gehoorapparate laat jou nie net beter hoor nie maar dit help ook jou brein om die klanke wat jy nie sonder jou apparate kan hoor nie, weer te onthou.

Gehoorverlies bekruip jou. Jy kom skielik agter dat jy nie meer die voëlgesang of die dreuning van die yskas kan hoor nie.

Gehoorverlies affekteer jou lewenskwaliteit maar dit affekteer ook jou brein se vermoë om alledaagse klanke te onthou omdat die brein die klanke nie meer ontvang nie. Wanneer die gehoorsenuwees hul funksie verloor en dus nie meer klank aan die brein stuur nie, "vergeet" die brein mettertyd die klanke en kan dit nie meer verstaan nie.

***Die geheue verswak***

Die gehoorsentrum in die brein stoor klanke en geluide vir tot drie jaar nadat die gehoor verswak het. Maar daarna word hierdie geheue swakker en swakker. Dit is dus van uiterste belang om jou gehoor te laat toets sodra jy agterkom dat jy begin gehoor verloor. Dit is verder van uiterste belang om so gou as moontlik gehoorapparate te kry. Sodra jy begin om gehoorapparate te gebruik (en dus beter te hoor) begin jou brein weer om gehoor te prosesseer.



Wayne and Mark wish

MICHAELIDES & VERMAAS

HAPPY BIRTHDAY

*Congratulations!*



ELECTRIC Mac

Tel: 018-468 2882

Fax: 018-468 2881

e-mail: electricmac@telkomsa.net

**Champion Tyres**